**Woensdag 20 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:17-25; HK Sondag 3, Vraag 8**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:25**

## Hoe God die weergeboorte tot stand bring

In ons belydenis word gesê dat die weergeboorte in ons tot stand gebring word deur die Gees van God. Die Heilige Gees bring egter die weergeboorte in ons tot stand deur die Woord van God wat aan ons verkondig word. Dit blyk duidelik uit 1 Petrus 1 waar die apostel sê: *"Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God ... En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is."* Deur die verkondiging van die evangelie van verlossing in en deur Jesus Christus bring die Heilige Gees die weergeboorte in ons tot stand.

Natuurlik, God is magtig en aan geen middel gebonde nie. As Hy wil, kan Hy die weergeboorte sonder die verkondiging van die Woord werk. Daarom staan ons ook nie verleë as ons gevra word wat dan met vroeg-gestorwe kindertjies gebeur wat die Woord van God nog nie kon begryp nie. Die Skrif leer ons dat kinders van gelowiges wat sterwe, wel die saligheid sal beërwe, nie omdat hulle self sonder sonde is nie, maar omdat hulle ouers tot die genadeverbond behoort en hulle derhalwe verbondskinders is aan wie die beloftes van redding en ewige saligheid toekom. *"Godvrugtige ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie (Gen 7:17; Hand 2:39; 1 Kor 7:14)"* (DL 1:17).

Dit kom dus daarop neer dat God die weergeboorte kan laat plaasvind sonder die verkondiging van die Woord, maar in die reël doen Hy dit nie. Hy wil die weergeboorte deur die verkondigde Woord laat plaasvind.

Op dié wyse word daar 'n geweldige roeping op ons gelê. Vir die *predikant* beteken dit dat hy die Woord van God reg en suiwer moet verkondig dat dit skerper as enige swaard met twee snykante is (Heb. 4:12). Die *ouderling* moet op huisbesoek die Woord laat spreek. *Ouers* moet hulle kinders die Woord van God leer. Ons moet *self* ook, veral in tye van geloofsinsinking, volhard in die gebed en ons verdiep in God se Woord en *"vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag"* (DL 1:16).